

Skriflesing: Rom 8:1-17 (Romeine 8 kan met reg die hoofstuk van die Heilige Gees genoem word.

Tema: Lewe Geesbeheers

Is jou lewe Geesbeheers?

Hoe lyk so 'n lewe?

Waar begin so lewe?

Die wet kon ons nie red nie. Die fout was nie by die wet nie, maar by ons sondige natuur. Die wet wys vir ons wat God se wil is. Maar ons kon dit nie doen nie. Ons was te sondig. So het die wet ons aangekla. Elke keer as ons die wet hoor het, het ons besef hoe sondig ons voor God was. Ons sonde het buite beheer opgehoop en ons kon niks daaraan doen nie.

Toe kom Christus en deur sy kruisdood en opstanding reken Hy met ons sonde af. Hy werk die moontlikheid van radikale en totale verandering in my lewe.

Die Gees wil wat Jesus gedoen het, 'n werklikheid in my lewe maak. Die Gees wil ons lewens onherroeplik verander en in ons wedergeboorte werk. Ek moet 'n keuse maak vir 'n Geesbeheersde lewe. Dit is een van die dinge wat God nie vir my gaan doen nie. Hy gaan nie 'n lewensgreep op my uitvoer en namens my 'n keuse maak nie.

In die gelese gedeelte sien ons 6 maal dat ons ons moet laat begeers of deur ons sondige natuur of die Gees. Jy moet toelaat dat die Gees jou lei. Jy moet Hom aan die stuur van jou lewe laat staan.

Hoe doen ek dit?

Ek gee my lewe oor aan Jesus Christus in gebed. Dan kom neem die Gees beheer oor. Jesus sê in Luk 11:13: "As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra."

Ek moet hoe langer, hoe meer beheer van my lewe oorgee aan die Heilige Gees. Dit begin by Bybelstudie en gebed.

Die meeste van van ons in hierdie erediens het al ons lewens oorgegee aan Here. Maar daar is van ons wat wonder of die Heilige Gees in ons woon. Ek voel nie altyd so nie. Ek kan nie in tale praat nie. Die Here het deur my nog geen wonderwerk gedoen nie. Hoe lyk 'n lewe waar die Gees in beheer is?

'n Geesbeheersde lewe is 'n lewe waarin jy in 'n intieme verhouding met God staan.

Lees Rom 8:15.

"Abba" is 'n Aramese woord waarmee 'n jong Joodse kind sy vader aangespreek het. Jesus noem sy hemelse Vader, "abba". In hierdie woord is iets van die vertroulikheid en warmte van die woord "pappa". In 'n Geesbeheersde lewe is Hy is nie meer die "Groot Man" of die "Man daarbo" nie. In kinderlike afhanklikheid en innigheid praat ek saam met Jesus met God as my Pappa. Ek laat my hemelse Pa voorloop in my lewe. Ek praat met Hom oor alles. Ons kan saam lag en huil, want ek leef in 'n intieme verhouding met Hom.

'n Geesbeheersde lewe is 'n nuwe lewe as vrygemaakte kind van God .

As vrygemaakte kind van die Here rol ek nie meer met 'n skuldige gewete rond as ek iets verkeerd gesê of gedoen het nie. Ek is vrygespreek van die oordeel van God. Daar is hoegenaamd geen sprake van veroordeling van my as Geesbeheersde mens in Jesus Christus nie. Christus het my sondestraf gedra. As ek my sonde bely, vergewe Hy dit. Ek twyfel nie daaroor nie. Die Gees verseker my dat dit so is. Ek is vry van die straf van sonde. Maar ek is ook vry van die mag van sonde.

Ek is nie langer 'n slaaf van sonde nie. Die Gees maak my vry van die heerskappy van my sondige natuur. Die Gees verander my en maak my lewe nuut. Die Gees werk in my 'n nuwe passie en entoesiasme.

Ek dien nie meer die Here omdat ek, soos 'n slaaf, moet of omdat ek bang is vir straf nie. Ek is nie langer 'n slaaf nie, ek is die Here se kind. My diens aan die Here is 'n Geesgewerkte vrywillige liefdesdiens. Ek moet nie meer nie, maar wil nou die Here met blydschap en liefde dien. Ek dien die Here omdat ek nie anders kan nie, want die eie EK is nie meer in beheer nie. Die Gees is in beheer.

'n Geesbeheersde lewe is 'n lewe vol liefde.

Die wet vra liefde vir God en liefde vir my naaste. Hierdie liefde strek tot by my vyand. Ek kan hierdie liefde leef, want dit is die eerste deel van die vrug wat die Heilige Gees in my werk. Met die Gees in beheer, het ek onvoorwaardelik lief.

'n Geesbeheersde lewe is 'n lewe vol vrede.

Ek vrees nie meer God of mense nie. God is my pa. My sonde is vergewe. Ek het vrede met God, myself en met ander.

'n Geesbeheerde lewe is 'n lewe vol sekerheid.

Ons sê baiekeer dat ons leef in 'n tyd waarin ons van een ding kan seker wees en dit is dat ons van niks kan seker wees nie. Dit is egter nie waar as ons Rom 8:16 lees nie. Daar was 'n Joodse regsopvatting dat 'n saak vasstaan as dit deur twee getuies bevestig word. Die Gees getuig saam met my gees dat ek 'n kind van God is. Ek is nie volmaak nie. Ek is soms 'n stout kind, maar die Gees werk in my die sekerheid dat ek 'n kind van God is.

'n Geesbeheerde lewe is 'n lewe oppad na die ewige lewe.

Ek is vrygespreek van die mag en houvas wat sonde en dood oor my lewe gehad het. Ek gaan nog fisies sterf, maar ek is nie meer bang vir die dood nie. As Geesbeheerde mens hou ek vas aan dit wat in Rom 8:6 en Rom 8:17 geskryf staan. Ek is 'n ryk mens. Ek erf saam met Christus alles wat God beloof het. Ek erf sy swaarkry, maar ook die lewe in oorfloed en die ewige lewe.

Afsluiting

Wanneer jy vanoggend by die nagmaal die brood eet, weet dit is baie meer as net mooi gewoonte. Dit is Jesus se liggaam gebreek vir ons sodat al ons sonde vergewe kan word. Wanneer jy vanoggend wyn drink, weet dit is baie meer as net mooi gewoonte. Dit is Jesus se bloed gevloei vir my sodat ek in 'n intieme Geesbeheersde verhouding met my hemelse Pappa kan staan. Eet die brood en drink die wyn en gee opnuut beheer oor aan die Heilige Gees. Hy maak jou vry tot 'n lewe vol liefde en vrede en sekerheid. Hy maak jou vry tot 'n lewe oppad na die ewige lewe.

Amen